

14 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 27:1-14 (NAV)

Sonde wat ryp geword het

Niemand weet wat Judas Iskariot besiel het om Jesus op so 'n veragtelike wyse te verraaï nie. Was hy geldgierig? (Matt 26:15; Joh 12:6). Geldgierigheid kan 'n mens tot verraderlike uiterstes dryf (1 Tim 6:10). Wat in elk geval duidelik is, is die geweldige tragiese van hierdie gebeure. Dit is 'n verbysterende afdraande pad. Judas was wonderlik bevoorreg: Jesus het hom toegerus om wonders te doen (Matt 10:1,4); hy het deel gekry aan die Heilige Gees; hy het die goeie woord van God leer ken; hy het die kragte van die toekomstige wêreld ondervind (Heb 6:4-6). En dan die val: oneerlikheid, verraad, selfmoord en uiteindelik die swaarste lot wat 'n mens kan tref naamlik helse smarte. Dit is nie dat die Here hom nie ondubbelsinnig gewaarsku het nie! Hy verlaat die bovertrek waar Jesus en sy dissipels bymekaar was doelbewus om sy verraad te gaan pleeg. Sy gewete was reeds toegeskroei. Hy pleeg die onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees (Matt 12:31).

Paulus waarsku nie verniet dat ons die duiwel nie vatkans moet gee nie (Ef 4:27). As hy eers 'n greep kry, palm hy sy slagoffer langsamerhand in totdat die dood toeslaan (Jak 1:12-15). Die raad van die Bybel is duidelik: God gee aan die nederige genade. Onderwerp jou aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van jou af wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot jou nader (Jak 4:6-8).

Sing: Psalm 73:12

Ds APC Duvenage (Emeritus)